'n Oorsig van die Merino Studiegroepresultate

Dr AC Geyer, Senior Landbou-Ekonomie Navorser, Grootfontein Landbou Ontwikkeling Instituut

1. AGTERGROND

Die inligting in hierdie artikel is van die studiegroepresultate vir 2005/2006. Van die 34 studiegroeplede is daar 16 boere met Merino's. Uit die 9 studiegroepe is daar 8 studiegroepe wat ook Merinovertakkings het. Die studiegroepe is:

- Barkly-Oos (Clifford)
- Hanover/Richmond
- Rietbron
- Klipplaat
- Trakastad
- Suid-Vrystaat
- Sterkstroom
- Noupoort

Daar is 50 138 Merino's wat gesamentlik 199 698 kg wol geskeer het (Ongeveer 3.98 kg wol per skaap)

2. DOEL

Die doel van hierdie artikel is om die gemiddelde produksie-, reproduksie- en bestuursnorme van die Merinovertakking in die onderskeie studiegroepe te bepaal. Die finansië resultate word in persentasies uitgedruk.

3. FINANSIËLE RESULTATE

Die volgende finansiële norme is vir die Merino vasgestel:

BRUTO PRODUKSIEWAARDE (BPW)

- Produkinkomste : 38.00% (wol)
- Handelsinkomste : 62.00% (vleis)

DIREK ALLOKEERBARE VERANDERLIKE KOSTES (DAVK)

- Voer : 42.42%
- Dieregesondheid : 21.58%
- Vervoer : 7.22%
- Bemarking : 11.00%
- Losarbeid : 12.45%
- Pakmateriaal : 5.89%
- Diverse : 14.41%
- Ongediertebeheer : 2.43%

DAVK as persentasie van die BPW : 15.64%

TOTALE KOSTE ONTLEDING

Die totale koste ontleding sluit die gemiddeldes van **alle vertakkings** van die 9 studiegroepe in:

- Bruto Produksie Waarde (BPW) : R 759 248
- Direk Allokeerbare Veranderlike Kostes (DAVK) : R 138 128
- DAVK as persentasie van BPW : 23.76%
- Oorhoofse Kostes (OK) : R 261 623
- OK as persentasie van BPW : 44.15%

PERSENTASIE VERDELING VAN OORHOOFSE KOSTES

- Permanente arbeid : 30.02%
- Brandstof en smeermiddels : 20.67%
- Meganisasie : Instandhouding : 12.87%
- Vaste verbeterings : Instandhouding : 9.09%
- Boekhouersfooi : 2.98%
- Bankkoste : 2.66%
- Telefoon : 5.18%
- Elektrisiteit : 6.27%
- Water : 4.63%
- Grondbelasting : 2.59%
- Ander : 9.43%

4. REPRODUKSIE NORME

- Ramme by die ooie : 3.18%
- Aantal teelooie in kudde : 1509
- Aantal ooie afgelope seisoen gepaar : 1424
- Ooie oorgeslaan : 8.55%
- Ooie geaborteer : 1.10%
- **Lampersentasie : 89.44%**
  Lampersentasie = Lammers lewendig gebore / Ooie gepaar
- **Speenpersentasie : 91.83%**
  Speenpersentasie = Lammers gespeen / Lammers lewendig gebore

5. PRODUKSIE NORME

- Gemiddelde wolproduksie per skaap : 3.98 kg

6. BESTUURSPRAKTYKE

- Tydperk van ramme by die ooie : 6 weke
- Paar u jong ooie apart? : Ja
- Watter maande word gepaar? : Maart - Mei & Okt - Des
- Belangrikste redes vir verliese :
  - Ongediertes
  - Droogte
  - Koue
  - Bestuur
  - Moedereienskappe
  - Lammers swak by geboorte
  - Onervare ooie
  - Lamprobleme

7. GEVOLGTREKKING

- Die omvang van die resultate en die norme wat vasgestel is bied 'n goeie basis waarop verder uitgebrei kan word. Meer mense moet betrek word om groter en meer betroubare bronne van verteenwoordiging te verkry. Hierdie 16 boere kan nie die hele merinobedryf verteenwoordig nie.
- Die wol (38%) teenoor vleis (62%) verhouding staan dus op ongeveer 40% teenoor 60%. Dit sal baie interessant wees om die verhouding te bepaal vir die boekjaar 2006/2007 wat reeds die verhoogde wolprys sal insluit.
- Die Merino's het gemiddelde 3.98kg wol per dier produseer wat 'n belangrike produksienorm is vir die bedryf. Die hoogste gemiddelde produksie van 4.89kg het by die Clifford studiegroep in Barkly-Oos voorgekom. Daar was nog drie ander studiegroepe wat meer as 4kg wol per dier afgeskeer het:
  - Noupoort : 4.86kg per skaap
  - Sterkstroom : 4.30kg per skaap
  - Hanover/Richmond : 4.09kg per skaap
- Voer (42.42%) en dieregesondheid (21.58%) is die grootste direk allokeerbare veranderlike kostes.
- Permanente arbeid (30.02%) en brandstof en smeermiddels (20.67%) is die grootste oorhoofse kostes.
- Lampersentasie is 'n belangrike reproduksie norm wat vasgestel is. Die gemiddelde lampersentasie was 89.44%. Daar was 3 studiegroepe met lampersentasies van hoër as 90%:
  - Suid-Vrystaat : 98.50%
  - Barkly-Oos : 95.86%
  - Tarkastad : 92.79%
- Die ander baie belangrike reproduksie norm is die speenpersentasie. Die gemiddelde speenpersentasie is 91.83%. Daar is 6 studiegroepe met speenpersentasies hoër as 90%:
  - Sterkstroom : 97.16%
  - Klipplaat : 95.45%
  - Hanover/Richmond : 93.69%
  - Suid-Vrystaat : 92.34%
  - Barkly-Oos (Clifford) : 91.82%
  - Noupoort : 91.63%
- Die volgende 4 faktore was as die mees belangrike oorsake vir vee verliese :
  - Ongediertes
  - Droogte
  - Koue
  - Bestuur
- Bogenoemde resultate dui op goeie norme vir die Merinobedryf. Daar word met groot verwagting uitgesien na die 2006/2007 resultate.